higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

13 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 D
1.1.2 A
1.1.3 G
1.1.4 H
1.1.5 E
1.1.6 M
1.1.7 N
1.1.8 C
1.1.9 I
1.1.10 O

(10 × 1) (10)

1.2
1.2.1 Waar
1.2.2 Waar
1.2.3 Onwaar✓ – 'n Pediater hanteer kinders se mediese probleme in die kinderjare.✓

OF

'n Arbeidsterapeut/fisioterapeut hanteer kinders se fisiese probleme in die kinderjare.
1.2.4 Onwaar✓ – 'n Ondeursigtige voorwerp in nie deurskynend nie en lig kan nie daardeur beweeg nie.✓
1.2.5 Onwaar✓ – Skoolrypheid kom gewoonlik rondom sesjarige ouderdom maar verseker nie skoolsukses nie.✓
1.2.6 Waar
1.2.7 Waar

(10)

1.3
1.3.1 B
1.3.2 D
1.3.3 A
1.3.4 C
1.3.5 D
1.3.6 C
1.3.7 A
1.3.8 B
1.3.9 D
1.3.10 C

(10 × 2) (20)

1.4 1.4.1 Fynspiervaardigheidsontwikkeling
OF
Hand-oog-koördinasie
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

1.4.2 Aktiewe taalontwikkeling

1.4.3 Oogdominansie

1.4.4 Balans
OF
Grootspiervaardigheidsontwikkeling
OF
Grootspierontwikkeling
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)

1.4.5 Hand-oog-koördinasie
OF
Grootspierontwikkeling
OF
Grootspiervaardigheidsontwikkeling
(Enige EEN geskikte antwoord is aanvaarbaar)
(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Die koms van 'n nuwe baba lei die aandag van die ouer kind af.
- Ander kinders het meer besittings en talente in vergelyking.
- Ouers wat skei – kinders voel vervreem omdat meer tyd saam met die nuwe vriend/vriendin bestee word.
- Kinders mag jaloers wees op hul vriende se vakansies, toekennings of punte. (Enige 3 × 2) (6)

2.1.2
- Gee erkenning aan die kind se jaloesie deur hom/haar dit laat verstaan dat die gevoel aanvaarbaar is.
- Beklemtoon die kind se vermoëns.
- Herinner die kind aan sy/haar eie besittings.
- Nuwe baba in die familie: betrek die kind by die baba-aktiwiteite.
- Nuwe maat vir Pa of Ma: moedig die kind aan om die nuwe volwassene te leer ken.
- Behoedsaamheid teenoor sibbe: moedig sibbe aan om items met mekaar te deel.
- Siek/gestremde familielede het sorg nodig: moedig versorgingsvaardighede en verantwoordelikhede aan.
- 'n Vriend het 'n nuwe kêrel/meisie: moedig die kind aan om nuwe vriende te maak.
- Talentvolle kinders: moedig die kind aan om sy/haar eie talente te erken. (Enige 3 × 2) (6)

2.2
- Wees simpatiek.
- Hanteer die kind met begrip.
- Moedig die kind aan om oor sy/haar vrees te praat.
- Gee hom/haar 'n rede waarom h/sy nie hoef bang te wees nie.
- Verskaf 'n lig: los 'n dowwe lig in die gang aan.
- Laat die kind toe om 'n flits onder sy/haar kussing te hou.
- Rangskik die kamer só dat daar nie bangmaakskaduwees is nie.
- Vertel stories van ander kinders wat hul vrees vir die donker oorkom het.

(Enige 5 × 2) (10)

2.3 2.3.1 'n Eetversteuring waar die kind nie in eet belangstel nie, en braak nadat h/sy geëet het. Dit gaan ook gepaard met verdere gesigsverlies en dat geen gewig opgetel word nie.

2.3.2 'n Eetversteuring wat verband hou met kinders wat vreemde voorwerpe eet.

2.3.3 'n Eetversteuring wat daartoe lei dat kinders oorgewig is/aan vetsug ly.

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.4

- Ontwikkelingsvlak:
  Morele en sosiale gedrag het 'n belangrike invloed op die kind se gedrag. Dit is byvoorbeeld normaal vir 'n tweejarige kind om 'n vloermoer te gooi, maar dit is nie behoorlike gedrag vir 'n vyfjarige nie. Dit is normaal dat 'n eenjarige aan alles vat, maar nie vir 'n sesjarige nie.

- Die omgewing
  Kinders leer aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag aan. Hulle reageer op hul omgewing en die mense in die omgewing. Wanneer hulle met hul portuurgroep en ander mense in interaksie verkeer, leer kinders hoe om in sosiale situasies op te tree. Hulle leer gedrag aan wat vir ander aanvaarbaar blyk te wees. Op dié manier kan onaanvaarbare gedrag aangeleer word.

- Onrealistiese verwagtinge van kinders
  Ouers stel soms te hoë eise aan hul kinders. Dit is belangrik om bewus te wees van 'n kind se ontwikkelingsvlak. Dit sal voorkom dat ouers onrealistiese verwagtinge koester. Kinders word dikwels met ander kinders in dieselfde ouderdomsgroep vergelyk, alhoewel hulle nie oor dieselfde potensiaal beskik nie. Ongehoorsaamheid kan voorkom indien verwagtinge te hoog of te laag is.

- Gesondheidsprobleme
  'n Kind se gesondheid beïnvloed sy gedrag. Kinders kan nie sê hoe hulle voel nie. Medikasie sal 'n kind se gedrag ook beïnvloed – dit kan 'n kind byvoorbeeld hiperaktief of slaperig maak, wat daartoe kan lei dat h/sy moeilik is. Opvoeders moet bewus wees van die medikasie wat kinders mag neem en moet sensitief wees vir die kind se gesondheid.

- Allergieë
  Voedsel kan kinders negatief beïnvloed. Coca Cola en kleurstowwe in ander koeldrank kan kinders hiperaktief maak. Te veel lekkers en suiker veroorsaak dat die kind ooraktief en moeilik is om te hanteer.

- Aandag
  Volwassenes reageer gewoonlik wanneer kinders iets verkeerd doen. Die kind leer dat h/sy ongehoorsaam moet wees om aandag te kry. Volwassenes moet aan kinders se positiewe gedrag ook aandag skenk sodat dit nie vir die kind nodig is om ongehoorsaam te wees om aandag te kry nie.

- Verwarrende riglyne
  Kinders moet weet wat van hulle verwag word. Reëls moet eenvoudig en duidelik wees. Mense oorskat dikwels kinders se vermoë om te verstaan wat van hulle verwag word.

- Inkonsekwente boodskappe
  Inkonsekwente reëls oor dissipline (huis/dagsorgsentrum) moet voorkom word omdat dit die kind verwar – as vloektaal byvoorbeeld by die huis aanvaarbaar is, maar by die dagsorgsentrum gestraf word. Reëls moet nie daagliks verander nie.

Kopiereg voorbehou

- Fisiese omgewing
  Die omgewing is belangrik en behoort interessant en stimulerend te wees. Daar moet genoeg ruimte wees. Indien daar nie genoeg ruimte is nie, sal kiners meer baklei. Dit is dikwels nie die kind wat moet verander nie, maar die omgewing.

- Verkeerde dieet
  Gedrag word deur die kind se dieet beïnvloed. Dit is belangrik dat die kind die korrekte gebalanseerde voedsel kry.

- Sensoriese gebrek
  Gedragsprobleme kan ook deur sensoriese probleme veroorsaak word. 'n Visueel gestremde kind kan dalk gefrustreerd en onseker voel. Hierdie kinders kan dalk te bang wees om instruksies uit te voer omdat hulle bang is om goed te doen. 'n Gehoorgestremde kind mag dalk lawaaierig voorkom.

- Oorsensitiwiteit vir stimulasie
  'n Goeie daaglikse program is besig, konstruktief, aktief en kleurvol. Die meeste kinders sal in so 'n omgewing gelukkig wees, maar vir sommige kinders is die lawaai oorweldigend. Dit is nodig dat daar 'n kalm, stil hoekie is waar die oorgestimuleerde kind vir 'n rukkie van alles en almal kan wegkom. Hierdie hoekie moet in die speelkamer wees.

- Spanning in die familie
  Gedragsprobleme kan deur 'n verandering in roetine veroorsaak word. Die kind verstaan nie wat gebeur nie. Spanning kan deur die volgende faktore veroorsaak word: dood in die familie, finansies, egskeiding, werkloosheid, verhuising, siekte, alkoholisme of dwelmmisbruik. (Enige 5 × 2) (10)

2.5
- 'n Bytery
- Leuens
- Eetprobleme
- Bednatmaak
- Hansworsgedrag
- Naalkouery
- Duimsuigery
- Slaapprobleme
- Diefstal
- Masturbasie (Enige 6 × 1) (6)

2.6
- Kinders moet weet wat van hulle verwag word.
- Laat kinders toe om te help om die reëls te maak.
- Gebruik eenvoudige en logiese reëls – dit is maklik om na te volg.
- Pas reëls konsekwent toe.
- Assesseer die kind se gedrag – nie die kind nie.
- Reëls moet by die skool en die huis toegepas word. (Enige 3 × 2) (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 3.1.1

- Eenheid 1: Waarneming van die wêreld om ons (Observing the world around us)
- Eenheid 2: Bewuswording en kennis (Sensing and knowing)
- Eenheid 3: Vorming en verwantskappe (Shaping and relating)
- Eenheid 4: Sortering en klassifisering (Sorting and classifying) (4)

3.1.2

- 'n Kindgesentreerde benadering.
- Lei kinders deur vroeë interaksies met die wêreld om hulle.
- Moedig kinders aan om deel te neem en verantwoordelikheid te aanvaar.
- Moedig kinders aan om oopkop en buigsaam te wees.
- Bevorder kreatiwiteit.
- Moedig die kind aan om kritiek te aanvaar.
- Bevorder inisiatief en sosiale deelname.
- Moedige kinders aan om estetiese bewustheid te kweek.

(Enige 4 × 1) (4)

3.1.3

- Bied die aktiwiteite in klein groepies aan.
- Handhaaf noue kontak tussen die onderwyser en die kind.
- Duur van aktiwiteite: 20 minute elk
- Die onderwyser doen demonstrasies wat met die aktiwiteite verband hou.
- Die onderwyser moet verskillende antwoorde en opinies aanvaar.

(5 × 2) (10)

3.2

- Mooi, aanloklik en deurdag gerangskik.
- Daar moet natuurlike lig, sagte kleure en oop ruimtes wees.
- Leermateriaal moet op toeganklike rakke uitgestal word.
- Dinge moet op hul plek gehou word – dit bevorder harmonie en orde.
- Dit moet 'n veilige en bemagtigende omgewing wees. (5 × 2) (10)

3.3

- Vryheid
- Struktuur en orde
- Intellektuele materiaal
- Sosiale omgewing
- Eenvoud en estetika
- Natuur en realiteit (6)

3.4 3.4.1 Early Learning Resource Unit (2)

3.4.2 Cape Educational Trust (2)

3.4.3
- Hul boeke kry goeie resensies en sommige is vir SABC 1 gekies.
- Skenkers beskou ELRU as 'n baie belangrike vennoot om dienste te bevorder om kinders te bereik.
- Hul navorsingsontwikkeling word internasionaal hoog geag.
- Hul navorsingsontwikkeling dra by tot verskeie regerings- en privaat inisiatiewe.
- Hul kennis van opleidings- en kurrikulumontwikkeling word in en buite Suid-Afrika hoog geag. (Enige 2 × 2) (4)

3.4.4
- Personeelontwikkeling: verskaf opleidingsprogramme vir personeel wat in vroeëkinderontwikkeling (VKO) werk, bv. opleiers, onderwyser en ouers.
- Ontwikkel netwerke met ander organisasies.
- Verskaf navorsing en ontwikkeling op die VKO-terrein.
- Doen navorsing en deel bevindinge. (VKO-voorsiening, beleid en kurrikulum).
- Publiseer onpartydige materiaal.
- Reël gebeure wat die gemeenskap ontwikkeling en bewustheid van kinderregte bevorder.
- Bou op bestaande kennis en vaardighede.
- Ondersteun dié wat by jong kinders betrokke is.
- Bied konsultasie, opleiding en ondersteuning aan organisasies en individue wat in VKO werk.
- Help ander organisasies in Suid-Afrika om opleidingsprogramme te ontwikkel.
- Verskaf inligting oor VKO-praktyk en materiaal aan Afrika en ander dele van die wêreld. (Enige 2 × 2) (4)

3.4.5
- Publikasies vir kinders
- Handleidings vir onderwysers en ouers
- Hulpbronne vir tegno-ondersteunde en e-leer-ondersteuning vir VKO-praktisyns, wat radio en DVD's insluit
- Boodskappe vir openbare bewustheid van VKO
- Navorsingspublikasies
- Nuusbriewe vir VKO-praktisyns (Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1

- 'n Gevoel van sekerheid
  Liefdevolle sorg laat die kind veilige voel en vertroue in mense ontwikkel.

- Emosionele gereedheid vir leer
  Die kind leer nie net met sy brein nie; s/hy moet ook emosioneel gereed wees om te leer. 'n Gevoel van veiligheid sal emosionele gereedheid aanhelp.

- Aanvaarding
  Die ouers en onderwyser moet die kind aanvaar soos wat h/sy is. Elke kind is 'n individu en moet gerespekteer voel.

- Uniekheid
  Elke kind is verskillend en uniek. Koester realistiese verwagtinge van die kinders en moet hulle nie met ander kinders vergelyk nie. Onthou dat dit nie goed is om kinders se vermoëns te onderskat nie. Vergelyk kinders met die ontwikkelingstadium vir hul ouderdom.

- Erkenning en waardering
  Elke kind is afhanklik van erkenning en aanvaarding. Kinders moet gewaardeer voel. Prys en moedig kinders aan.

- Konsekwente gedrag
  Reëls en riglyne moet duidelik wees. Dubbele standaarde verwar kinders.

- Dissipline
  Kinders het dissipline nodig. Hulle moet leer watter gedrag aanvaarbaar is en watter nie. Dissipline skep 'n gevoel van veiligheid.

(Enige VYF geskikte antwoorde is aanvaarbaar) (Enige 5 × 2)
1 punt vir begrip
1 punt vir verklaring (10)

4.2 4.2.1

- Gebrek aan selfvertroue
- Is huisgebonde
- Is afhanklik
- Swak koördinasie
- Swak tydsbegrip
- Swak deursettingsvermoë
- Kort aandagspan
- Onbeholpe toiletgewoontes
- Kinderlike spraak/gedrag (Enige 6 × 1) (6)

4.2.2

- Opvoedkundige sielkundiges
- Maatskaplike werkers
- Terapeute (Enige EEN) (2)

4.2.3
- Sosiale ontwikkeling
- Emosionele ontwikkeling
- Taalpersepsie
- Kognitiewe denke
- Ouditiewe persepsie
- Visuele persepsie
- Wiskundige begrippe
- Perseptuele ontwikkeling
- Motoriese ontwikkeling
- Tekening
- Algemene ontwikkeling (Enige 5 × 1) (5)

4.3 4.3.1
- Telaktiwiteite
- Hoeveelheid
- Volume
- Grootte
- Posisie
- Volgorde
- Tydsoriëntasie
- Spoed
- Meting
- Datahantering
- Patrone (Enige 6 × 1) (6)

4.3.2 Telaktiwiteite:
- Sulke aktiwiteite hou verband met die getalle – klap byvoorbeeld hande terwyl getel word, tel terwyl voorwerpe (blokkies) aangeraak word.
- Vra vrae oor getalle, byvoorbeeld, Hoeveel hande het jy?

Hoeveelheidsaktiwiteite:
- Aktiwiteite hou met verskillende hoeveelhede verband, byvoorbeeld, blokke in houers met verskillende hoeveelhede daarin (baie, min).

Volume-aktiwiteite:
- Aktiwiteite hou verband met volume, byvoorbeeld, houers wat vol/leeg is.

Grootte-aktiwiteite:
- Aktiwiteite hou verband met groottes, byvoorbeeld, grootste, kleinste, hoogste, kortste, langer as, korter as, ensovoorts.

Posisie-aktiwiteite:
- Aktiwiteite hou verband met posisies, byvoorbeeld, staan langs die tafel, op die tou, loop links/regs, kruip onder die tafel deur, middel/eerste/laaste, ensovoorts.

Kopiereg voorbehou

Volgorde-aktiwiteite:
- Aktiwiteite hou verband met volgorde, byvoorbeeld, sorteer items van klein na groot, lank na kort, ensovoorts.

Tydsoriëntasie-aktiwiteite:
- Aktiwiteite hou verband met verskillende aspekte van tyd, byvoorbeeld, Hoe oud is jy? Hoe laat is dit? Waar was jy verlede wee?, Watter seisoen is dit? Begrippe: gister, vandag, more, ensovoorts.

Aktiwiteite oor spoed:
- Aktiwiteite hou verband met verskeie aspekte van spoed, byvoorbeeld, loop vinning/stadig, Wie hardloop die vinnigste/stadigste? Wat is vinniger – 'n fiets of 'n motorfiets? ensovoorts.

Meetaktiwiteite:
- Aktiwiteite hou verband met meting, byvoorbeeld, hoe tyd/temperatuur/lengte/massa gemeet word, ensovoorts.

Datahantering:
- Aktiwiteite hou verband met die insameling van data. Kinders orden inligting wat van data-insameling verkry is, byvoorbeeld, Hoeveel kinders dra vandag rooi hemde? ensovoorts.

(Enige 4 × 2) (8)

4.4 4.4.1 Die vermoë om wat gesien is, te herroep.
4.4.2 Die vermoë om deur sig tussen ooreenkomste en verskille van voorwerpe te onderskei.
4.4.3 Die brein se vermoë om deur die sig met die buitewêreld kontak te maak

(3 × 2) (6)

4.5
- Uitstappies: Kyk byvoorbeeld hoeveel huise het antennas/rooi dakke.
- Lottospeletjies: Pas kaarte bymekaar.
- Sorteer items volgens kleur/grootte/vorm, ensovoorts.
- Gebruik van tydskrifte: Knip prentjies oor 'n bepaalde tema uit.
- Sorteer messegoed: Messe, vurke, lepels, ensovoorts. (Enige 4 × 1) (4)

4.6
- Luister na die storie wat vertel word.
- Luister na stories op CD.
- Blaai deur 'n boek terwyl daar na die storie op CD geluister word.
- Luister na versies.
- Kyk na dramatiese opvoerings. (Enige 3 × 1) (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou